**Dinsdag 24 Oktober**
**Skrifgedeelte: Eksodus 23:10-12**
**Fokusgedeelte: Eksodus 23:12**
**Asemskep ’n opdrag**

Dienslewering word geadverteer met 24/7. Al meer word dit van senior personeel verwag om 24/7 beskikbaar te wees, want die afleweringsdatums moet bereik word. Almal sien nou uit na hulle vakansie omdat dit die enigste asemskepgeleentheid geword het.

Maar God het vir sy volk ’n ander ritme beveel. Ses dae eerlike, harde werk en die sewende dag rus. Daar staan letterlik: Op die sewende dag los jy jou werk net so uit. Jy en al jou personeel neem ’n asemskepkans om weer verfris te word vir jou werk ses dae lank. Hierdie hernuwing van krag word in hierdie verse selfs uitgebrei na die rus van die lande en boorde wat bewerk word. Elke sewende jaar laat lê jy jou lande, wingerde en olyfboorde net soos dit is. Dan val die klem besonder op die armes wat dan vry mag geniet van die opslag-graan, druiwe en olywe. Moenie, wanneer jy geniet van God se goeie gawes, van die armes vergeet nie. Vul jou asemskepdag met dit wat jou kragte vir die nuwe week sal verfris.

Hier is Paulus se riglyn vir ons herstel van kragte: *Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig* (Fil. 4:8). Die mooiste en kosbaarste verfrissing lê in wat God ons geskenk het in Christus, naamlik ons rus van die sonde. Hy het ons skuld en sondes deur sy lyde en sterwe met God versoen. Elke rusdag mag ons dit saam met die gemeente oordink en God loof vir ons vrede en die vernuwende krag van die Woord en Gees.

*Psalm 128-1:1, 4*

*Ds. DJ Bakker (Daan) (emeritus)*